**Republiek van Suid-Afrika**
**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

**Rapporteerbaar**

**Saaknr: A118/12**

In die appél van:

**ROBERT WILLIAM ABRAHAMS** Appellant

teen

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK: 30APRIL 2013**

---

**Schippers R:**

[1] Die vraag wat in hierdie appél beslis moet word is of the appellant korrek aan moord in die Streekhof te Wynberg skuldig bevind is en of die uitspraak een van strafbare manslag moes wees. Die appellant is gevonnis tot agt (8) jaar gevangenisstraf waarvan vyf (5) jaar opgeskort is vir 'n periode van vyf (5) jaar op voorwaarde dat hy nie skuldig bevind word aan moord, of aanranding met die opset om ernstig te beseer en waarvoor hy tot gevangenisstraf gevonnis

word sonder die keuse van ‘n boete, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie. Daarbenewens is die appellant gevonnis tot drie (3) jaar korrektiewe toesig ingevolge Artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet 51 van 1977.Die appellant kom nou in hoër beroep teen slegs die skuldingbevinding, met verlof van die verhoorhof.

[2] Die appellant was regsverteenwoordig en het onskuldig gepleit. In sy pleitverduideliking het hy die volgende erkennings gemaak. Op 4 September 2005 was hy die platejoggie by die “*Cameo Lounge*”, of “*die klub*”,in Heideveld, Athlone, Wes-Kaap. In die loop van die aand was daar ‘n stryery en later ‘n bakleiery tussen ene Bradley August (“*August*”) en sy vriende aan die een kant en die oorledene en sy vriende aan die ander. August en sy vriende het die oorledene en sy vriende gejaag en ten einde hierdie jaagtog en bakleiery stop te sit het die appellant skote met sy vuurwapen in die lug geskiet. Hierdie erkennings is ingevolge Artikel 220 van die Strafproseswet as formele erkennings aangeteken. Voorts erken die appellant dat die oorledene se dood deur ‘n skietwond aan die kop veroorsaak is en die gevolge daarvan; dat die oorledene geen verdere beserings opgedoen het tussen sy dood en die uitvoering van die lykskouing op sy liggaam nie; en die oorledene se identiteit. Die appellant het egter ontken dat hy op die oorledene gevuur het. Die appellant vermoed dat skote wat afgevuur is deur August en sy vriende die oorledene

gedood het. Verder ontkendie appellant dat sy optrede onwettig was en beweer dat hy geen opset gehad het om die oorledene te dood nie.

[3] Die Staat het11 getuies geroep. Geriefliksheidsonthalwe het die landdros hierdie getuienis in vier groepe opverdeel. Die eerste groep getuies is dié wat saam met die oorledene was, onder andere Me Yolanda van der Vent ("*Yolanda*") en Mnr Theodore van der Vent ("*Theodore*"). Die tweede groep is dié van August wat sy eie getuienis insluit; die derde, dié van die polisie beamptes en ander formele getuies; en die vierde,die appellant se getuienis en dié van Mnr Moegamat Stemmet, sy getuie.

[4] Daar is geen direkte getuienis oor wie die oorledene geskiet het nie. Dit is gemene saak dat die oorledene en sy vriende asook August en sy vriende by die klub op 4 September 2005 was en dat daar 'n onderonsietussen hulle was. Dit het tot gevolg gehad dat bierbottels na die oorledene en sy vriende gegooi is.Laasgenoemde groep het die klub verlaat waarna August en sy vriende hulle agterna gesit het. Terwyl diejaagtog aan die gang was, is die oorledene noodlottig aan sy kop gewond. Dit is verder gemenesaak dat daar sespatroondoppies op die toneel gevind is wat almal uit die appellant se vuurwapen afgevuur is.

[5] Die rekord is belas met onnodige getuienis en bevat langdradige, moeisame en onnodige kruisverhoor van die staatsgetuies oor talle irrelevante aspekte. By ontleding van die getuienis blyk dit egter dat die getuienis van slegs sowat vyf getuies op die wesenlike aspekte van die saak betrekking het. Hulle is Yolanda, Theodore, twee polisiebeamptes en die appellant.Oor die skietvoorval self is die getuienis maar karig. Die staat het nietemin voortgegaan om vele ander getuies se getuienis aan te bied wat nie sy saak verder geneem het nie. Derhalwe vir huidige doeleindes is dit onnodig om die getuienis van al die getuies te ontleedbehalwe slegs die relevante getuienis.

[6] Yolanda se getuienis is basies die volgende. Sy was dié betrokke aand saam met die oorledene, haar aanstaande, by die klub. Hulle was deel van ‘n groep. August se groep het na hulle gekom. Daar was ‘n gestryery wat in ‘n bakleiery ontaard het. Die oorledene se groep het weggehardloop en August se groep het hulle agterna gesit en met bierbottels bestook. Soos die August groep gehardloop het, hoor sy dat August sê, dat sy *“gun”* geval het. Die Staat het egter geen getuienis aangebied dat August ‘n vuurwapen gehad het nie. Dít bevestig die appellant ook. Die getuienis is slegs dat tydens sy visentering toe hy die klub binnegegaan het, het August ‘n pistoolsak gedra. Soos sy en Theodore die klub verlaat het, vra die appellant vir hulle wat gaan aan. Theodore meld dat August en sy vriende begin baklei het. Hierop sê die

appellant dat daar moeilikheid is elke keer wanneer die August groep in die klub is.

[7] Soos Yolanda buite kom het die oorledene verby haar gehardloop terwyl die August groep hom agterna gesit het en met bierbottels gooi. Sy was besig omdrank wat hulle in die klub gekoop het in die voertuig se kattebak te sit, toe hoor sy skotegaan af. Dit was donker en sy kon nie sien wie geskiet het nie. Beide Yolande en Theodore getuig egter dat hulle gesien het dat skote deur 'n persoon gevuur is wat aan die linker kant van die klub gestaan het. Hulle sê ook dat daar vonkies uit hierdie vuurwapen gekom het. Yolande kon sien dat daar naMnr. Byron van der Vent en die oorledene geskiet is terwyl hulle gehardloop het en dat die persoon wat geskiet het wel in die rigting van die groepe wat gehardloop het geskiet het, dwsbeide groepe.Sy het ook gesien dat vuur by 'n "*gun*" uitkom. Sy het slegs twee skote gehoor, geskree en na die klub teruggehardloop. Sy het by die deur van die klub ingegaan maar het nie vir die appellant gesien nie. Sy het later verneem dat die oorledene geskiet was. Na die skietery het sy gesien dat August se voertuig vinnigoptrek, lede van sy groep het daarin gespring en hulle het vinnig weggery.

[8] Theodore getuig dat hulle by die klub ingegaan het om slegs drank te koop. Hulle wou nie daar bly nie. Die oorledene het na een van die August groep gestap en in 'n stryery betrokke geraak. Theodore het na hulle toe gestap.

August het van sy tafel af opgestaan en na hulle gegaan. Hy het die oorledene by die bors gegryp waarna die bakleiery en bottelsgooiery begin het. Die oorledene se groep het besluit om die klub te verlaat omdat die August groep groter was. By die deur ontmoet hulle die appellant. Hy vra hulle wat gaan aan. Theodore antwoord dat die mense in die klub deurmekaar is,verlaat die klub en is na sy motor. Daarna kom die August groep by die deure van die klub uitgebars. Hulle was 11 of 12 mense. Hy hoor August sê vir ‘n lid van die groep hy moet die “*gun*” uit die kar gaan haal. Theodore het egter nie ‘n vuurwapen by die August groep gesien nie. Hy hoor een van die groep skree dat die “*gun*” het geval. Hy en die oorledene het besluit om te hardloop omdat hul lewens in gevaar was. Hy was voor gewees en die oorledene agter hom terwyl die August groep hulle gejaag het. Soos hulle hardloop hoor Theodore meer as eenskoot afgaan waarop hy en die oorledene gelyk geval het. Hy sê dat die skoot definitief van agter hulle gevuur is maar kon nie sê wie dit afgevuur het nie. Na die skoot het hy opgestaan en gesien dat die oorledene nog altyd blylê. Hy gaan toe na die oorledene want hy het gedink dat die August groep die oorledene sou slaan. Hulle het egter verby die oorledene gehardloop en vir Theodore gejaag. Die oorledene het daar bly lê. Theodore en Mnr Byron van der Vent het saam weggehardloop na ‘n vriend. Hy het ook later verneem dat die oorledene geskiet is. Hy getuig ook dat hy niemand met ‘n vuurwapen sien rondhardloop nie.

[9] Die getuienis van Yolanda en Theodore stem ooreen met ander getuienis dat die patroondoppiesin die parkeerarea van die klub gevind was. Hierdie patroondoppies, soos deur die deskundige getuig en die appellant self bevestig, is uit die appellant se vuurwapen gevuur. Yolanda het in kruisondervraging toegegee dat sy nie met sekerheid kon sê of die skote op die groep geskiet is nie. Niks wentel egter hierom nie omdat die getuienis daarop dui dat die appellant wel in die rigting van die bewegende groepe geskiet het. Ek keer aanstonsna hierdie aspekte terug.

[10] Sersant Swarts getuig dat hy op 4 September 2005 die moordtoneel bygewoon het waar hy fotos geneem het en slegs ses9 mm patroondoppies gevind het. Die kegels op foto's 1 en 2, op die parkeerarea buite die klub dui aan waar die patroondoppies gevind is– naby die voordeur van die "*Cameo Inn*". Foto 3 wys die oorledene in die voorgrond met die kegels waar die patroondoppies gevind is in die agtergrond. Die afstand tussen die oorledene en die naaste patroon doppie was 28.7 meter. Toe Sersant Swarts by die toneel aankom was die kegels reeds deur ander polisiebeamptes geplaas om die patroondoppies uit te merk. Hy het gekyk of hy verdere bewystukke op die toneel kon vind, maar het nie.

[11] Superindent Rance, 'n polisiebeampte met 10 jaar diens by die wetenskaplike laboratorium, het ook die toneel bygewoon. Hyhet getuig dat hy

geen bewystukke van enige ballistiese getuienis kon kry nie. Hy het buite reg om die hele gebou, in die pakeerarea en die wyer buitekant van die perseel vir vasslaan merke van koeëls gesoek, maar kon niks vind nie. Hy het verder getuig dat hy 'n Norinco semi-automatiese pistool (wat aan die appellant behoort) met een magasyn, ses 9 mm Parabellum kaliber patrone asook ses 9 mm Parabellum kaliber gevuurde doppies forensies ondersoek het. Hierdie ondersoek het behels onder andere die identifikasie van ammunisie en gevuurde patroondoppies, mikroskopiese identifiseering van gevuurde patroondoppies, vuurwapen meganieka ondersoeke en die ondersoek van die misdaad toneel. Hy het die pistool getoets en gevind dat dit normaal en sonder enige defekte funksioneer. Hy het ook bevind dat die ses afgevuurde doppies deur die appellant se Norinco vuurwapen afgevuur is.

[12] Die laaste staatsgetuie was Inspekteur Abrahams ("*Abrahams*"), die ondersoek beampte. Sy getuienis is kortliks dat hy na die misdaad toneel gegaan het en die oorledene gevind waar hy op 'n sementblad aan die regterkant van die "*Cameo Lounge*" in 'n plasbloed gelê het, met 'n koeëlwond aan sy kop. Daar was reeds tweeander polisiebeamptes op die toneel, wat reeds afgekordon was. Hy het gesien dat daar sespatroondoppies afgemerk was in die omgewing van die hoek van die regter kant van die hoofingang van die klub. Dit is die rigting wat na die oorledene toe gaan. Na sy ondersoek het hy vasgestel dat die appellant wel die persoon is wat skote op die toneel afgevuur het en is hy

aangekla. Die getuienis van Inspekteur Abrahams behels ongeveer vyf bladsye van die rekord. Hierteenoor beswaar sy kruisondervraging die rekord met sowat 45 bladsye wat basies daarop neerkom dat August in stede van die appellant in die beskuldigde bank hoort. En dít terwyl daar geen getuienis is dat August 'n vuurwapen gehad het, laat staan nog dat hy 'n skoot op die toneel afgevuur het nie. Dit is dus nie verbasend dat toe dit aan Abrahams gestel word dat die moontlikheid nie uitgesluit kon word dat nog 'n vuurwapen die oorledene se dood kon veroorsaak het nie, hy eenvoudig geantwoord het dat daar nie nog 'n vuurwapen op die toneel gekry is nie.

[13] Die appellant, 49 jaar oud, het getuig dat hy die betrokke aand as 'n platejoggie by die klub werksaam was. Hy werk al 28 jaar vir die klub as die platejoggie en assistent bestuurder. Dit blyk dat die appellant nie alkohol gebruik nie want hy het getuig dat hy nog nooit gedrink, gerook of dwelms gebruik het nie. Hy het die spesifieke aand in die sportkroeg die sokker hoogtepunte gekyk. Hy is deur Me George, wat in die drankwinkel werk, meegedeel dat daar 'n 14 jarige meisie daar staan en bang is om huis toe te gaan. Hy vra toe of die polisie reeds gebel is, waarop Me George bevestigend antwoord. Terwyl hy nog daar staan en gesels daag twee polisiebeamptes op om die meisie huis toe te neemen een van die sekuriteitbeamptes wat by die dansplek werk sê vir die appellant dat daar 'n geveg in die danssaal aan die gang

is. Die appellant is na die daanssaal terselfdetyd toe die polisie daar weg is met die meisie.

[14] Soos die appellant by die danssaal se ingang kom, was die oorledene en sy vriende uitgelei deur die bestuurder, ene Pam. Hy ken die oorledene. Laasgenoemde was saam met Byron van der Vent, Theodore en Yolanda. Hy het vir die oorledene gevra wat gaan aan waarop hy geantwoord het dat hulle (die August groep) met die oorledene en sy groep oor vroumense baklei het. Soos die oorledene en sy groep wou loop het dit begin reën en die appellant sê vir hulle om in te kom sodat hulle kon gesels. Hierop bestorm die August groep die oorledene en sy groep met wynbottels. Die oorledene en sy groep het toe by die deur uitgehardloop na hul voertuie, wat hulle probeer het om oop te sluit. Hy sien toe dat August die kattebak van sy voertuig oopmaak maar kon nie presies sien wat hy daar gedoen het nie. Die August groep het bakstene en stokke by ‘n perseel wat in aanbou was opgetel en die oorledene se groep daarmee bestorm. August is toe van sy voertuig en ook agter die oorledene se groep aan. Die appellant het op die verste hoek by die winkel gestaan om te kyk wat gaan aan.

[15] Die appellant getuig verder dat toe hy sien dinge ruk handuit, het hy sy vuurwapen uitgehaal en vier skote in die rigting van die sokkerveld gevuur. Hy sê hy het die skote afgevuur om kalmte te kry want die August groep was besig

om die oorledene of te dood of ernstig te beseer, maar sonder sukses. Hy skree toe vir die August groep dat hy die polisie gaan bel en is terug na die klub waar hy vir die bestuurder, Pam,sê dat sy die polisie moet bel want hy het vier skote buitekant gevuur. Nog voordat hulle in die danssaal kon gaan om die skade te bepaal het drie polisiebeamptes na die appellant gegaan en hom gevra of hy Robert Abrahams is, of hy 'n vuurwapen het en of hy skote afgevuur het. Hy sê vir hulle dat hy vier skote afgevuur het. Die appellant het egter aanvaar dat daar ses en nie vier patroondoppies op die toneel gekry is nie asook dat hy ses skote geskiet het. Die polisie sê vir hom dat daar 'n man buitekant doodlê en dat hy hulle na die polisiestasie toe moet vergesel. Hy het die polisiebeamptes gevra hoe dit moontlik was dat 'n persoon buite geskiet was want hy het in die rigting van die sokkerveld gevuur. Hy was nog nooit in 'n bakleiery met nóg die oorledene en sy groep nóg August en sy groep. Hy het geen rede gehad om die oorledene te skiet nie.

[16] Die landdros het bevind dat die appellant die nodige opset gehad het in die vorm van*dolus eventualis* en hy is gevolglik aan moord skuldigbevind.Die landdros se redes kan as volg opgesom word. Die appellant was die enigste persoon wat op die betrokke aand geskiet het. Alles inaggenome kon al die skote wat die appellant afgevuur het, nie in die lug gewees het nie en moes hy in die rigting van die groep geskiet het. Die moontlikheid dat hy iemand kon raakgeskiet het was wel daar. Yolanda en Theodore het geen rede gehad om die

appellant valslik te beskuldig of inkrimineer nie. Voorts bevind die verhoorhof dat op die totaliteit van die getuienis, die enigste redelike afleiding wat gemaak kan word is dat een van die skote wat die appellant afgevuur het die oorledene getref en hom gedood het. Die appellant het dus op die groep geskiet en moes toe hy die skoot afgevuur het, die moontlikheid voorsien het dat sy skoot iemand kon tref. Desnieteenstaande het die appellant hom met daardie moontlikheid versoen en voortgegaan omte skiet.

[17] Die basiese grond van appél is dat die appellant verkeerdelik aan moord skuldig bevind is omdat die staat nie bo redelike twyfel bewys het dat hy inderdaad die dood van die oorledene as ‘n moontlike gevolg van sy optrede voorsien het nie. Dit word betoog dat die appellant se bedoeling was om die twee groepe tot bedaring te bring en daarom het hy die skote in die rigting van die sokkerveld afgevuur; dat hy redelikerwys behoort te kon sien het dat die oorledene kon sterf as gevolg van sy optrede, derhalwe was sy optrede nalatig; en dat hy nie die nodige opset om te dood gehad het nie na oorweging van óf die direkte óf omstandigheidsgetuienis.

[18] Ek handel vervolgens met die vraag of die verhoorhof se bevinding korrek is.

[19] Snyman beskryf *dolus eventualis* as volg:

> "*Iemand tree met opset in die vorm van* dolus eventualis *op indien die verrigting van die verbode handeling of die veroorsaking van die verbode gevolg nie sy hoofdoel is nie, maar*
>
> *(a) hy subjektief die moontlikheid voorsien dat, in die bereiking van sy hoof-doel, die verbode handling wel verrig mag word of die verbode gevolg wel mag intree, en*
>
> *(b) hy hom met hierdie moontlikheid versoen*."[1]

[20] Voorts sê Snyman dat die eerste vereiste vir die bestaan van *dolus eventualis*, naamlik dat die beskuldigde die moontlikheid van die gevolg voorsien, beskryf kanword as die kognitiewe been van die toets. Die tweede vereiste, dws dat die beskuldigde hom versoen met die idee dat die gevolg mag intree, is die konatiewe (of voluntatiewe) been van die toets.[2] By die eerste vereiste gaan dit om die voorstelling deur die beskuldigde van die omstandighede of die gevolge van sy handeling. Slegs die moontlikheid in teenstelling met waarskynlikheid van die gevolg, hoef voorsien te word.[3] By die tweede vereiste gaan dit om die beskuldigde se besluit om voort te gaan met sy handeling, nieteenstaande die feit dat hy die moontlikheid van die intrede van die gewraakte gevolg voorsien, maw dit maak vir hom nie saak of dit gaan

---

1 Snyman *Strafreg* (5de uitgawe 2006) op 183.
2 Snyman *opcit* op 184.
3 *S v Malinga* 1963 (1) SA 692 (A) op 694G; *S v Nkombani* 1963 (4) SA 877 (A) op 891C-D; *S v Sigwahla* 1967 (4) SA 566 (A) op 736F.

intree nie. Hy is roekeloos of onverskillig ten aansien van die intrede van die gevolg.[4]

[21] Omdat daar byna nooit direkte bewys van die bestaan van die tweede been van die toets vir *dolus eventualis* is nie, is ‘n hof dikwels genoop om afleidings uit die feite te maak om tot ‘n bevinding te kom dat daar wel aan die tweede been van die toets voldoen is.[5] Hoe waarskynliker die gevolg hoe geredeliker sal die hof tot die slotsom kom dat die beskuldigde dit voorsien het.[6] In*Dlodlo*[7] word bevestig dat ‘n afleiding van opset, soos enige afleiding uit omstandigheidsgetuienis, aan die vereistes gestel in *Blom*[8]moet voldoen, dws die afleiding moet met al die bewese feite klop en die feite moet elke redelike afleiding uitskakel behalwe dié wat gemaak word - dat die beskuldigde opsetlik gehandel het.

[22] By ‘n toepassing van die voormelde beginsels is ek van mening dat die verhoorhof tereg die appellant aan moord skuldig bevind het, en wel om die volgende redes:

---

4 *S v Ngubane* 1985 (3) SA 677 (A) op 685A-H.
5 Snyman *op cit* op186
6 *S v Shaikand Others* 1983 (4) SA 57 (A) op 62E.
7 *S v Dlodlo* 1966 (2) SA 401 (A)op .
8 *R v Blom* 1939 AD 188 op 202-203.

(1) Die appellant het inderdaad besef dat dit gevaarlik was om sy vuurwapen uit te haal en te skiet op die tydstip toe die twee groepe by die klub uitgestorm het. Hou hierby in gedagte dat volgens die getuienis, die August groep reeds besig was om die oorledene se groep te jaag en met bottels te bestook. In hierdie verband lees die appellant se getuienis as volg:

> "*They stormed out of the Cameo Lounge, they are still in front of the Cameo Lounge, you are also outside the Cameo Lounge. Why did you not at that point in time … (intervenes)*
> --- *Ja, want daar was … op daardie oomblik, Edelagbare, was baie … daar was baie mense rondom my daardie … om daardie oomblik te geskiet het, om jou vuurwapen uit te haal, daai tyd, daai was baie gevaarlik.*"

Hoe die appellant dan, op sy weergawe, oomblikke later ses skote kon geskiet het terwyl daar twee bewegende groepe rondom hom was, gaan my verstand te bowe. Dit kan myns insiens slegs aan onverskilligheid ten opsigte van die gevolge van sy optrede toegeskryf word.

(2) Die appellant se verduideliking dat hy die skote afgevuur het in die teenoorgestelde rigting van die twee groepe, dws in die rigting van die sokkerveld en weg van die parkeerarea, is so hoogsonwaarskynlik dat dit met veiligheid verwerp kan word. Hoe kon hy dan die oorledene tref tensy hy nie in die rigting van laasgenoemde geskiet het nie? Hyself getuig:

> "*… ek het in die rigting van die sokkerveld gevuur. Dit is 'n verskillende rigting, in wat dieoorledene en Bradley August-hulle gehardloop het, Edelagbare. Die rigting van die sokkerveld en die rigting waar hulle gehardloop het is twee verskillende rigtings.*"

(3) Die feit dat die appellant nie die skote in die rigting van die sokkerveld afgevuur het nie, word eerstens bevestig deur direkte getuienis dat die patroondoppies op die parkeerarea voor die ingang van die klub gevind was. Die appellant se pogingom dit te verduidelik - dat die mense die patroondoppies kon geskop het soos hulle hardloop en sodoende dit verskuif het - is vergesog.Tweedens het die appellant bevestig dat die patroondoppies nie agter hom kon geval het toe hy geskiet het nie, en dat dit in die parkeerarea geval het.Derdens is die getuienis van Abrahams dat die patroondoppies in die rigting van die oorledene gevind is, onbetwis. Die naaste patroondoppie was 28.7 m van die oorledene. Vierdens, die feit dat die appellant in die rigting van die oorledene geskiet het word ook bevestig deur die direkte getuienis van Yolanda en Theodore. Hulle het getuig dat hulle vonkies uit die vuurwapen gesien het. Yolanda was by 'n voertuig in die parkeerarea toe sy dit gesien het. Die appellant getuig self dat die oorledene se voertuig en dié van August voor die klub 'n paar meter vanaf die deur geparkeer was. Theodore was langs die oorledene wat reeds geval het, toe hy die vonkies gesien het. Hy getuig ook dat die skoot

defnitief van agter hulle gevuur is, dws in die rigting wat die oorledene gehardloop het. Hierdie twee getuies was deel van die oorledene se groep en daar is hoegenaamd geen rede hoekom hulle hierdie getuienis sou fabriseer of die appellant valslik inkrimineer nie.

(4) Verder is daar die appellant se eie getuienis dat hy weet dat die polisie gereeld in die omgewing patrolleer en dat hulle binne vyf minute van die skietery op die toneel was. Hy verskaf egter geen rede hoekom hy die polisie nie onmiddellik laat ontbied het toe die bakleiery begin het nie. Hy het ook geweet wie die moeilikheidmakers was – volgens hom August en sy groep wat altyd probleme by die klub skep. Die appellanthet dus geen rede gehad om sy vuurwapen uit te haal en ses skote in die rigting van die oorledene te vuur nie. In ieder geval, op die appellant se eie weergawe was dit vir hom onnodig om buite die klub te skiet. Hy self getuig dat "*die reëls van die* '*Cameo Inn*' *is wat buitekant die 'Cameo Inn' gebeur is buite en wat binne die* '*Cameo Inn*' *gebeur is binne*".Dit is ook insiggewend dat die appellant nie vir Pam gesê het dat sy die polisie moes ontbied omdat daar 'n bakleiery plaasgevind het nie, maar omdat hy vier skote afgevuur het. Hy het geweet dat hy iemand raakgeskiet het. Dit strook met die staat se getuienis dat die appellant lede van die August groep vermaan het oor wat hul gedrag veroorsaak het – dat die oorledene geskiet is.

(5) Laastens is daar die appellant se poging om die skuld aan August te gee. Hy self getuig dat hy nie vir August met ‘n vuurwapen gesien het of ‘n skoot sien afvuur nie. Die appellant het wel geweet dat hy die enigste persoon is wat op die toneel geskiet het en dathy die oorledene getref het.

[23] Die wesenlike bewese feite in hierdie saak is dan die volgende:

(1) Die oorledene is dood as gevolg van koeëlwond aan sy kop en die gevolge daarvan.

(2) Die appellant is die enigste persoon wat tydens die voorval met ‘n vuurwapen bewapen was en wat op die toneel geskiet het.

(3) Die appellant het ses skote op die toneel afgevuur.

(4) Sespatroondoppies is in die parkeerterrein gevind aan die regterkant van die hoofingang van die klub, in die rigting waar die oorledene gelê het.

(5) Hierdie sespatroondoppiesis deur die appellant se Norinco vuurwapen afgevuur.

(6) Toe die twee groepe by die klub uitstorm het die appellant nie sy vuurwapen uitgehaal nie, vandaar hy besef het dat dit baie gevaarlik was om op daardie oomblik skote af te vuur.

(7) Die appellant het ses skote in die rigting van die oorledene geskiet en nie in die rigting van die sokkerveld nie.

[24] Die enigste vraag is of daar uit hierdie feite ‘n afleiding gemaak kan word dat die appellant die nodige opset gehad het. Die appellant het subjektief die moontlikheid voorsien daar baie mense rondom hom was en dat in sulke omstandighede dit baie gevaarlik was omskote af te vuur. Enige regdenkende persoon sou besef dat ‘n persoon wel getref en ernstig of noodlottig beseer kan word as hy skote in die rigting van persone wat hardloop afvuur, of hulle die aanvallers is al dan nie.[9]By ‘n oorweging van die totaliteit van die getuienis, is die enigste redelike afleiding na my mening dat die appellant hom met hierdie moontlikheid versoen het. Daar is dus aan die vereistes van *dolus eventualis* voldoen en derhalwe is die appellant tereg aan moord skuldig bevind.

[25] Daar is egter een oorblywende vraag. Dit is of die verhoorhof die bepalings van die Wet op Beheer van Vuurwapens 60 van 2000 (“*die Wet op Vuurwapens*”) toegepas het.

[9] *Makgatho v S* (732/12) [2013] ZASCA 34 (28 March 2013) para 15.

[26] Artikel 103(1) van die Wet op Vuurwapens bepaal dat tensy ‘n hof andersins beslis, word ‘n persoon onbevoeg om ‘n vuurwapen te besit indien hy skuldig bevind word aan onder andere enige misdaad waarby die onwettige gebruik of hantering van ‘n vuurwapen betrokke is, hetsy die vuurwapen gebruik of gehanteer is deur daardie persoon of deur ‘n ander deelnemer van daardie misdryf.[10]In *Mkhonza*[11]is beslis dat die Wetgewer se bedoeling met ‘n artikel 103(1) ondersoek is tenminste dat alle relevante faktore aangaande die misdaad in ag geneem moet word. ‘n Verhoorhof is verplig, met inagneming van al die relevante feite, om behoorlik te oorweeg of die beskuldigde onbevoeg verklaar moet word om ‘n vuurwapen te besit, al dan nie. Enige faktor wat op die aangeleentheid betrekking het moet oorweeg word en wesenlike feite wat nie voor die hof is nie, moet voor hom geplaas word. Die wesenlike feite sluit onder andere die volgende in:die beskuldigde se ouderdom en persoonlike omstandighede; vorige veroordelings of ‘n skoon rekord; die aard en erns van die betrokke misdaad en die verband tussen die misdaad en die gebruik van die vuurwapen; die beskuldigde se agtergrond en of dit aandui dat hy sy gelisensieerde vuurwapen mag gebruik om ‘n misdryf te pleeg; of dit in die belang van die gemeenskap is dat die beskuldigde onbevoeg verklaar moet word om ‘n vuurwapen te besit; en die tydperk waartydens die beskuldigde ‘n

[10] Artikel 103 (1) (b).

[11] *S v Mkhonza* [2009] 3 All SA 358 (KZP) para 22.

gelisensieerde vuurwapen besit het en of daar enige anduiding van vorige onverantwoordelikheid was met betrekking tot daardie besit en gebruik.[12]

[27] Die getuienis voor die verhoorhof is dat die beskuldigde twee Norinco vuurwapens besit wat albei gelisensieer is. In sy getuienis in hoof het hy getuig dat dit deel van sy werk was om 'n vuurwapen te besit want hy werk met geld, sit groot bedrae geld weg en sluit die klub wat in 'n baie gevaarlike area geleë is. Die verhoorhof se bevinding aangaande die appellant se bevoegdheid om 'n vuurwapen te besit is beide beknop en dubbelsinnig:"*Daar is geen rede waarom die hof nie die beskuldigde moet onbevoeg bevind nie, hy was bevoeg om 'n vuurwapen te besit*." Dit blyk egter uit die rekord dat die verhoorhof nie 'n behoorlike ondersoek ingevolge artikel 103(1) van die Wet op Vuurwapens gehou het nie.

[28] Bygevolg sou ek die volgende bevel maak:

(1) Die appél word afgewys en die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.

---

12 *S v Pharoe en agt ander*soorgelyke sake 1991 (2) SACR 384 (NC) op 387a-d; *Mkhonza* n 10 para 22.

(2) Die saak word na die verhoorhof terugverwys vir 'n beslissing of die appellant onbevoeg verklaar moet word om 'n vuurwapen te besit aldan nie, ingevolge die bepalings van artikel 103(1) van Wet 60 van 2000.

---

**SCHIPPERS R**

Ek stem saam. Dit word so gelas.

---

**SALDANHA R**

| | |
|---|---|
| Counsel for the Appellant: | **Mr M Calitz**<br>Justice Centre Cape Town |
| Counsel for Respondent: | **Adv. SFA Raphels**<br>National Prosecuting Authority |
| Dates of hearing: | **15 March 2013** |
| Date of judgment: | **30 April 2013** |